

## Markus 6: 14-29

<sup>14</sup>Koning Herodes het van Jesus gehoor, want sy Naam het bekend geraak. Party mense het gesê: “Johannes die Doper is uit die dood opgewek. Daarom werk die kragte in hom.”

<sup>15</sup>En party het gesê: “Dit is Elia.” Ander het gesê: “Hy is 'n profeet soos een van die ou profete.”

<sup>16</sup>Toe Herodes dit dan hoor, het hy gesê: “Die Johannes wat ek onthoof het, is uit die dood opgewek.”

<sup>17</sup>Vroeër het Herodes self gestuur en Johannes laat vang. Hy het hom in die tronk opgesluit op aandrang van Herodias die vrou van sy broer Filippus. Herodes het met haar getrou, <sup>18</sup>en Johannes het vir hom gesê: “U mag nie u broer se vrou vat nie.”

<sup>19</sup>Herodias het daarna 'n wrok teen hom gekoester en wou hom laat doodmaak, maar sy kon nie, <sup>20</sup>want Herodes was bang vir Johannes omdat hy besef het dat hy 'n opregte en godvresende man is. Hy het vir Johannes onder sy beskerming geneem en elke keer wanneer hy hom aangehoor het, het hy in 'n ernstige tweestryd geraak. Tog het hy graag na hom geluister.

<sup>21</sup>Op 'n dag het Herodias 'n goeie kans gekry. Toe Herodes op sy verjaarsdag vir sy hoofamptenare en die opperbevelhebbers en die hoëlui van Galilea 'n feesmaal gegee het, <sup>22</sup>het die dogter van Herodias daar ingekom en vir hulle gedans. Dit het groot byval by Herodes en sy gaste gevind. Die koning het toe vir die meisie gesê: “Vra my net wat jy wil hê, en ek sal dit vir jou gee.”

<sup>23</sup>Daarby het hy dit herhaaldelik met 'n eed vir haar bevestig: “Net wat jy my vra, sal ek vir jou gee, tot selfs die helfte van my koninkryk.”

<sup>24</sup>Sy het toe uitgegaan en vir haar ma gesê: “Wat moet ek vra?” Dié het gesê: “Die kop van Johannes die Doper.”

<sup>25</sup>Sy het haastig reguit na die koning toe geloop en vir hom gevra: “Ek wil hê u moet vir my dadelik in 'n skottel die kop gee van Johannes die Doper.”

<sup>26</sup>Die koning was baie verslae, maar omdat hy dit voor die gaste met 'n eed belowe het, wou hy haar dit nie weier nie.

<sup>27</sup>Hy het dadelik iemand van sy lyfwag opdrag gegee en hom gestuur om Johannes se kop te gaan haal. Hy het hom in die tronk gaan onthoof, <sup>28</sup>sy kop in 'n skottel gebring en dit vir die meisie gegee, en die meisie het dit vir haar ma gegee.

<sup>29</sup>Toe Johannes se volgelingen daarvan hoor, het hulle gekom en sy lyk weggeneem en begrawe.

## Sondag 15 Julie

Markus 6:14-29

08:00 - 11:00	Meditatief
08:30 Klassiek	Hannes Theron
10:00 Informeel	Hannes Theron
Geen Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Werner Schultz
10:30 Internas Studente	Die Khaya
Geen Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

### Deurkollekte: Hospitaalbearbeiding



### Bybelstudiegroepe:

Die bybelstudies vir die derde kwartaal is van Maandag 16 Julie beskikbaar by die ontvangstoonbank. Ons begin op 26 Julie om 09:30 met die inleidende sessie.

## Sondag 22 Julie

08:00 Meditatief	Bruwer Strydom
08:30 Klassiek	Hannes Theron
10:00 Meditatief	Bruwer Strydom
10:00 Informeel	Lizette Louw
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

## Bid saam met ons vir die volgende:

Helene Swart - kanker  
Roemel Swart - ernstig siek  
Desiré Groenewald - kanker  
Annelize Kritzinger se pa,  
Hannes Jansen van Vuuren - kanker  
Johannes Esterhuizen - beenmurg oorplanting  
Erina Louw - ernstig siek  
Danette Barnard - herstel na operasie  
Christine Coetsee - hospitaal  
Geraldine de Villiers - was in hospitaal  
Mia Cara Ferreira - terugslag

### Rou

Ons dink aan die familie van Thy's Swart wat oorlede is.

Daar sal elke Woensdag om 08:30 'n gebedsgroep vir Mia Cara Ferreira by die kerk wees, meld net aan by Ontvangs

### WiFi

Aanteken - NG-Guest  
Wagwoord - ^6scW73s

## Wat gebeur die week:

### Dinsdag 17 Julie

Skole open  
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent

### Woensdag 18 Julie

10:00 DIY-oggend

### Donderdag 19 Julie

18:45 Kantory



Ons vriendelike ontvangsdame, **Lanois Coetzee**, tree af hierdie maand. Sy is die een wat jou in die namiddag en aande verwelkom het by die kerkkantoor.

Lanois, ons gaan jou baie mis en dit was vir ons groot gemoedsrus met jou hier by Ontvangs.

Saam met Lanois op die foto by haar afskeid is Grazie Beets.

*Die kerkkantoor se ure is nou soos volg: Maandae tot Donderdae van 8:00 - 16:00 en Vrydae tot 13:00.*

## Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Herman en Elize Laubscher - Hermanus  
 Johann en Susan Viviers - Fairland  
 Paul en Michelle Swanepoel - Odendaalsrus-Oos

**Welkom!**



## Harmony projek

Die projek begin vanaf Donderdag, 26 Julie met die volgende programme: **GriefShare; Single&Parenting; DivorceCare** en **DC4Kids**. Dit is 'n 13 weke program wat elke week op Donderdae om 18:00 - 20:00 in die Tent plaasvind. Ons eet en kuier gesellig vooraf saam vanaf 17:30 en gaan dan na die onderskeie groepe in verskillende lokale. Enigeen is welkom, ook nie-lidmate

Kontak ons ook gerus as jy op 'n ondersteunende manier wil betrokke raak as donateur of adviseur.



Navrae kan gerig word aan [harmonyhelderberg@gmail.com](mailto:harmonyhelderberg@gmail.com) of kontak Annette Botha by 072 189 9360

## Nuwe kantoorure

**Skoolkwartaal** - Maandag tot Donderdag van 08:00 tot 16:00  
 Vrydag van 08:00 tot 13:00  
 Sondag van 08:30 tot 11:30  
**Skoolvakansie** - Maandag tot Vrydag van 08:00 tot 13:00

**Helderberg Gemeente  
Bankbesonderhede**

**Bank** ABSA Somerset-Wes  
**Rek nr.** 2900 590 094 (tjek)  
**Rek naam** NGK Helderberg  
**Takkode** 632 005  
**Verwysing** Naam of bediening  
**Navrae** Antoinette du Toit  
021- 851 5582

**Helderberg NG Gemeente**

021-851 5582  
www.nghelder.co.za  
**Leraarnoodnommer**  
**083 988 2003**  
ontvangs@nghelder.co.za  
**Beradingsentrum:**  
Telefoon: 079 417 3863  
berading@nghelder.co.za


**Helderberg Uitreik  
Bankbesonderhede vir Art 18A**

ABSA Helderberg-tak: 632005  
Rek nr. 9114483080  
Spaarrekening  
Verwysing: Projeknaam of WBB

**Kerkkantoorure**

Weeksdae: 08:00 - 16:00  
Vrydae: 08:00 - 13:00  
Sondae: 08:30 - 11:30  
**Skoolvakansie: 8:00 - 13:00**

 SnapScan

 SnapScan



**Helderberg Gemeente**

**Helderberg Uitreik**  
Artikel 18A

**Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning**

Gesinne in nood in ons gemeente word finansiële en maatskaplike deur die Versorgingsfonds ondersteun.  
Dankie vir getroue bydraes.



**Helderberg Gemeente  
Bankbesonderhede**

**Bank** ABSA Somerset-Wes  
**Rek nr.** 2900 590 094 - tjek  
**Rek naam** NGK Helderberg  
**Takkode** 632 005  
**Verwysing** *Versorgingsfonds*